BRONKHORSTSPRUIT

# Gauteng kry nuwe soja-aanleg

**DIE** nuwe soja-verwerkingsaanleg naby Bronkhortspruit in Gauteng gaan beslis help om Suid-Afrika minder afhanklik van ingevoerde proteïen vir dierevoeding te maak.

Die RusselStone-groep, 'n plaaslike landboumaatskappy met belange in landboukommoditietsverhandeling, landboufinansiering en die verwerking van landbouprodukte, het die aanleg opgerig.

Mnr. Deon Haasbroek, besturende direkteur van die RussellStone-groep, sê die nuwe fabriek het R170 miljoen gekos.

Die fabriek het 'n verwerkingsvermoë van 700 ton (sojabone) per dag. Die verwerkingsaanleg het die potensiaal om per jaar 240 000 ton soja tot sowat 177 000 ton meel te verwerk wat hoofsaaklik as voer deur die hoender- en varkbedryf in Gauteng en Mpumalanga gebruik sal word.

"Basies gaan ons sojabone koop om in die fabriek te verwerk en 'n wins te toon. Op die langer duur glo ons ons sal R150 netto wins per ton kan realiseer. Sowat 74% van ons eindproduk is soja-oliekoek en 17% daarvan is olie, terwyl die sowat 7% vesel aan die voerkrale verkoop sal word. In die geval van sonneblomme is 54% van die eindproduk olie.



'n Nuwe sojaverwerkingseenheid is naby Bronkhorstspruit in Gauteng in gebruik geneem. Van links is mnre. Frans van den Berg, besturende direkteur van RussellStone Proteïen, Kgosientso Ramokgopa, burgemeester van Tshwane wat die amptelike opening waargeneem het, Deon Haasbroek en Russel du Preez, onderskeidelik die besturende direkteur en die beleggingshoof van die RussellStone-groep.
FOTO: ANDRIES GROENEWALD

"Wanneer jy dus sonneblomme verwerk, is die hoofdoel die olie. Met die verwerking van sojabone word hoofsaaklik gemik op die oliekoek as primêre produk. As 'n mens die somme maak, sien jy dat ons uit 20 ton sojabone per maand sowat 14 ton oliekoek kan produseer. Binne 'n radius van 100 km vanaf die aanleg, is die vraag na oliekoek sowat 40 ton per maand. Daarvan sal ons waarskynlik sowat 17 ton per maand kan voorsien," sê Haasbroek.

Met die spesifieke ligging van die aanleg is die verbouings- en voorsieningsgebied van soja in aanmerking geneem sowel as die toeganklike en nabygeleë N4-hoofweg en ander padvervoerroetes, het Haasbroek gesê.

– ANDRIES GROENEWALD